



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

**AFRIKAANS HUISTAAL V2
MEMORANDUM**

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se vrae nagesien.
- As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die **tweede vraag word geïgnoreer**. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer**.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom/haar self gepenaliseer het. As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde toe en **ignoreer die res van die opstel**. Gebruik rubrieke A en B om kandidate se opstelle te assesser.
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
- Vir **oop vra** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.

AFDELING A: GEDIGTE**VRAAG 1: OPSTELVRAAG – Die skedel lag al huil die gesig**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE** nagesien.

Inhoud

Kode 7	7 gemotiveerde feite
Kode 6	6 gemotiveerde feite
Kode 5	5 gemotiveerde feite
Kode 4	4 gemotiveerde feite
Kode 3	3 gemotiveerde feite
Kode 2	2 gemotiveerde feite
Kode 1	1 gemotiveerde feit

Taal en styl:

Beoordeel volgens die rubriek.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf

Die kandidaat bied 'n gepaste inleidingsparagraaf aan, bv.

- Ironie is om die teenoorgestelde te sê van wat jy bedoel. Deur juis die vergetelheid van die mens teenoor die glans van sy bestaan te plaas, kom die ironie sterk na vore.

Vergetelheid teenoor Glans:

- In strofe 1 is die spreker deeglik bewus van haar sterflikheid, want sy sê sy sal die dood eendag moet trotseer.
- En sy weet nie of sy t.s.v. haar hoër orde belangrik genoeg is om bewaar te word nie, want sy besef dat die mens nie 'n seldsame dier is nie.
- In strofe 2 lig die spreker die mens se vernuftigheid uit, omdat sy ons op die mens se skeppendheid wys waarmee hy glans en respek kry.
- Die mens kan ingewikkelde take baie maklik uitvoer, want hy “plak wolkekrabbers” sommer net neer.
- Die mens kan met sy verstandelike vermoë baie vermag en groot dinge tot stand bring; daarom word hy met woorde soos “merkwaardig”; “wonderbaarlik” en “slim” beskryf.
- Die mens het selfs soveel “glans” dat dit wat hy skep kan hyself ook vernietig, want hy is in staat om 'n atoombom te laat ontplof.
- Die mens besit dus die vermoë om wonderlike dinge te skep, maar sy eie ondergang lê in homself opgesluit; daarom huil die gesig.
- Ten spyte van al hierdie glans, is die dood onafwendbaar selfs vir die “slim”, “merkwaardige” en “wonderbaarlike” mens.

Slotparagraaf

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Die volgehoue kontras tussen glans en vergetelheid versterk die ironie en bring die tema net sterker na vore. Ook die bundeltitle sluit by die tema van die gedig aan.

[10]**OF**

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG – Staat

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	Jare/roerloos ✓	(1)
2.2	Die swart mier bataljon het die staat ingeneem/die negatiewe het geleidelik met 'n aftakelingsproses begin. ✓	(1)
2.3	Eksplisiet dui dit daarop dat die vesting van die krap, waar hy veilig voel, nie baie sterk is nie./Die wal is vol gate en kan daarom maklik intuïem. ✓ Die implisiete betekenis dui op die moontlike verval van die regering/dat die fundamente waarop die regering sy ryk gebou het, nie so sterk was nie. ✓ Dit kan ook implisiet daarop dui dat almal nie altyd saamgestaan het nie – daar is die spreekwoordelike “gate” in sy mondering. ✓	(3)
2.4	Die tweede versreël is korter as die ander strofes se tweede versreël. ✓ Dit word funksioneel aangewend aangesien dit beklemtoon dat die krap nie altyd so waaksaam was nie. ✓	(1) (1)
2.5	Beide woorde dui op universaliteit. ✓	(1)
2.6	Deur die p-alliterasie/a-assonansie. ✓	(1)
2.7	Die titel is ook so gekies dat dit nie net op regeringstelsels van toepassing gemaak kan word nie, maar ook van toepassing is op enige situasie/dit is nie net van toepassing op 'n regeringstelsel nie, maar ook op 'n huwelik wat 'n staat van liefdeeloosheid bereik het of waar kommunikasie 'n probleem is/n skool wat eens op 'n tyd 'n spogskool was en mettertyd tot 'n verleentheid verval het/n maatskappy wat eens op 'n tyd sterk en voorspoedig was maar as gevolg van wanbestuur of korrupsie tot 'n val gekom het. ✓	(1)
		[10]

OF

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG – Kwatryne

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Die rymskema (aaba) ✓ en stelling/waarneming wat deur 'n wending gevolg word. ✓	(2)
3.2.	3.2.1 ongeduld/irritasie ✓	(1)
	3.2.2 lank reeds/oplaas ✓	(1)
3.3	Word die mens in die hiernamaals beloon vir dit wat hy op aarde gedoen het? ✓	(1)
	Die enjambement beklemtoon die vraag as 'n geheel. ✓	(1)
	Leerder se eie siening rondom beloning in die hiernamaals. ✓	(1)
3.4	inversie ✓	(1)
3.5	Die fokuspunt is nou op die verhoog waar die akteur kan begin speel. ✓	(1)
3.6	Die metafoor dat die lewe 'n verhoog is, kom in elke kwatryn na vore en word dus volgehou. ✓	(1)
		[10]

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG – Sonsverduistering

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	(Italiaanse) Sonnet ✓	(1)
4.2	Paradoks ✓	(1)
4.3	'n Swingel is 'n arm wat iets soos 'n handpomp in beweging bring/trekhout van wa/wip van 'n put – dit, tesame met die “sw”-klank, beklemtoon die “om te beweeg”-gedagte./ Die “sw”-klank en “ng”-klank boots die swaaiende beweging van donkies klankmatig na. ✓	(1)
4.4	Die letterlike sonsverduistering en die diere wat stalwaarts keer word 'n toepassing op die mens. ✓ Alle mense op aarde verkeer in 'n figuurlike skaduwee of donkerte weens sonde wat oorheers. Dit het tot gevolg dat ons nie meer God se weg (wil) kan sien nie. ✓ Daar heers 'n somber stemming omdat die mens nie beseft dat hy na God moet keer nie. ✓	(1) (1) (1)
4.5	“kortste pad” ✓	(1)

4.6	<p><u>Toename van donkerte:</u> Vlek van skadu + letterlike skemer aanvanklik > groei tot figuurlike skaduwee > alle lig verduister dan > pad raak onsigbaar > hoogtepunt wanneer die “duisternis’ intree.” √</p> <p style="text-align: center;">EN</p> <p><u>Die gedig raak meer persoonlik:</u> “Oor gans die mensdom” word later “ons” > ’n persoonlike ervaring, toepassing op elkeen van ons word geïmpliseer. √</p>	(1)
		(1)
4.7	Dis ironies dat die (slimmer) mens nie ook instinktief soos diere huiswaarts (na veiligheid - God) keer nie. Die mens is so onderworpe aan sonde in hierdie wêreld waarin ons vandag leef dat ons die sonde en gevolge gelate aanvaar. Die diere weet egter instinktief om die regte ding te doen. √	(1)
		[10]

EN

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG – Opstanding

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	word √	(1)
5.2	Die mense wil hom nie seermaak nie/verleë laat voel nie. √	(1)
5.3	Enjambement. √	(1)
5.4	In die nag klink geluide erger/meer vreesaanjaend. √	(1)
5.5	Die spreker vind vertroosting in die geluid van water, maar dan is hy nie eens seker of hy dit wel hoor nie./ Geluide groei teenoor die fluister van ’n kraan. √	(1)
5.6	Hul ken hom en is lief vir hom, √ dus sal hulle hom verstaan. √	(2)
5.7	Hy is nie regtig seker of vertroudes regtig met min woorde kan klaarkom nie. √	(1)
5.8	Dit stel die woorde wat nie gehoor word nie, visueel voor. √	(1)
5.9	Dit moet erg wees om nie meer jou geliefdes te kan hoor nie. √	(1)
		[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: OPSTELVRAAG***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.

- Die vrou se tradisionele rol en haar emansipasie word in die roman baie ligtelik hanteer, soos die motto voorspel.

MA ELSA

- Ma was nie die stereotipe moeder nie, want in plaas daarvan dat sy haar kinders grootmaak, maak Johanna hulle groot.
- Ma is nie die tradisionele raakvatter-ma nie, want sy is verstrooid en vergeetagtig.
- Ma het nie huishouernuf nie, want sy kan nie kook nie (nie 'n goeie kok nie).
- Ma maak nie haar dogters tradisioneel konserwatief groot nie, want haar dogters is redelik liberaal.
- Ma is nie soos die tradisionele ma wat wakker lê oor haar dogters se sedes nie. Sy tob glad nie daaroor nie.
- Ma tree nie soos die normale vrou op nie. Sy is onkonvensioneel, want sy oortuig 'n dief om nie van hul te steel nie/Op die plaas sluit sy by 'n groep aan (Die Spieël) wat glo in reïnkarnasie en spiritualisme en met voorvadergeeste praat.
- Ma ervaar die normale vroulike emosies teenoor haar kinders, want sy spog ook met hulle teenoor Peter se ma./Sy gee om vir haar kleinkinders se welstand.
- Alhoewel Ma aanvanklik geëmansipeerd voorkom deur op haar eie agter te bly, is sy egter nie volkome 'n bevryde vrou nie, want aan die einde gaan woon sy tevrede op die plaas.

ELSA

- Elsa kom aanvanklik nie voor as jou tradisionele vrou nie, want sy is onemosioneel en baie doelgerig.
- Algaande verander die karakter en word sy die deursnee Afrikaanse vrou met haar droomman, huis en kinders./Sy praat soos die tradisionele vrou oor babas, bottels en voedings.
- Elsa ervaar die normale vroulike emosies, want 'n onbeplande swangerskap laat haar magteloos./Moontlike huweliksontrou van Hannes se kant laat haar hartseer en ontsteld./Sy raak opgewonde soos die deursnee ma oor haar kinders se prestasies.
- Elsa kom aanvanklik voor as geëmansipeerd, omdat sy op haar loopbaan gerig is en die broek in die huis dra.

- Die geëmansipeerde Elsa verdwyn egter algaande, omdat sy besluit op 'n tweede kind/haar huis deurmekaar is a.g.v. haar aandag aan die kinders/tevrede is om slegs wors te eet.

KARA

- Kara kom aanvanklik nie voor as jou tradisionele vrou nie, want sy wil geen babas hê nie./Swangerskap is vir haar lelik/Sy oorweeg 'n surrogaatma.
- Kara raak egter later wat haar gesinslewe betref die tradisionele vrou, want sy wil 'n huis vol kinders hê./Sy wil met Claude trou/Haar kuns raak 'n bysaak/Sy praat slegs oor babas, voedings, ens.
- Wat Kara se verhouding betref, is sy glad nie die tradisionele Suid-Afrikaanse vrou nie, want sy trou met Claude wat 'n bruinman is/Sy wil multikleurige kinders hê (reënboogkinders).
- Kara ervaar die normale vroulike emosies, want haar hart word week wanneer sy van Claude praat/na hom kyk.
- Kara kom aanvanklik geëmansipeerd voor, omdat sy haar nie aan die normale konvensies steur nie./Op haar eie gaan reis./'n Non wil word.

IRIS

- Iris is alles behalwe jou tradisionele vrou, want sy skep haar eie fantasiewêreld om van daaglikse oninteressantheid te ontsnap./Sy is onwillig om te trou.
- Iris se emosies is tipies die van 'n vrou, want sy leef in 'n romantiese verbeeldingswêreld/fantasiewêreld./Sy het 'n romantiese en verbeeldingryke uitkyk op die lewe./Sy kan nie verder teen die verlange na Peter se nabyheid baklei nie.
- Sommige van Iris se emosies verskil egter van die tipiese vroulike emosies, omdat sy die verlies van haar maagdelikheid as traak-my-nie-agtig ervaar./Al haar verhoudings almal fisiek is en nie emosioneel nie.
- Iris wil haar emansipeer van die beperkings van die middelklasgesin; maar sy het nie die moed om dit deur te voer nie./Sy twyfel oor die waarde van die huwelik (sien die hartseer van egskeding en hoe mense (haar susters) verander in die huwelik/Sy is op soek na meer as net die doodgewone voorstedelike bestaan van 'n doodgewone huisvrou.

EVALUEER DIE EMASIPASIE

- Nie een van die dames se emansipasie is geloofwaardig nie, omdat almal konformeer.
- Ma is nie werklik geëmansipeerd nie, want uiteindelik verlang sy te erg na Pa en gaan plaas toe.
- Elsa, sowel as Kara, raak jou tradisionele ma wie se bestaan rondom hul huis en kinders draai.
- Selfs Iris verval aan die einde in 'n bestaan wat sy nie wou gehad het nie – die van doodgewone voorstedelike vrou.
- Iris raak 'n doodgewone tradisionele vrou, omdat sy juis 'n getroue eggenote is wat haar plek in die familie en die gemeenskap vol staan (soos wat daar van haar verwag word).

Slot

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Die *kwart-voor-sewe-lemie* bekyk die emansipasie van die vrou en haar tradisionele rol op 'n ligtelike manier en daarom is niemand werklik geëmansipeerd nie.

[25]

OF

VRAAG 7: *Die kwart-voor-sewe-lilie* – Eleanor Baker

KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Kara en Iris (my) is susters. ✓ Claude is Kara se vriend/toekomstige man. ✓	(2)
7.2	Suid-Afrika. ✓ Die meeste mense in die buiteland het 'n afkeur aan die apartheidbeleid gehad. ✓ Sy het nie deel gehad aan die apartheid nie/hulle is nie as rassiste grootgemaak nie/Omdat sy nie rassisties is nie het sy nie geweet waarna hy verwys nie. ✓	(1) (2)
7.3	7.3.1 Sy het hom van haar ouma gekry/geërf. ✓	(1)
	7.3.2 Hy moes haar beskerm/raadgee en geselskap hou. ✓✓	(2)
	<i>Die kandidaat noem TWEE verwagtinge.</i> Hy het haar beskerm in New York/teen die skaatsplankryer. ✓/ Hy gee haar raad oor hoe om op te tree teenoor die uitlander in Parys./Peter, want hy sê Peter is moeg/Sy moet nie oor haar naam praat nie./Bring haar tot insig oor haar naam. ✓ Hy hou haar geselskap veral in die hospitaal in Vermont. ✓ <i>Die kandidaat moet die TWEE verwagtinge wat bo genoem is, bespreek.</i>	(2)
	7.3.3 Die Engel staan Iris by omdat sy ontsteld is./Die Engel wil haar beskerm omdat sy ontsteld is. ✓	(1)
	7.3.4 Hy laat haar fantasiekaraktters verdwyn. ✓ Hy bring haar tot insig dat 'n naam net 'n naam is/sy verantwoordelikheid vir haar eie lewe moet neem/dat die lewe nie net 'n storie is nie/dat die blommaam en die lillie niks met haar toekoms te doen het nie. ✓ Hy lei haar tot die besef van die werklikheid /dat sy moet ophou ontvlug deur fantasieë/dat sy verantwoordelikheid moet neem vir haar eie besluite. ✓	(3)
7.4	Sy bedink 'n saak eers goed./Sy reageer nie dadelik nie./Sy konfronteer nie die situasie nie – as gevolg hiervan skep sy 'n fantasiewêreld. ✓	(1)
7.5	Die leser weet nou hoe Iris voel; dus is die gebruik funksioneel. ✓	(1)
7.6	Sy het nog altyd/van die begin gedink haar susters is dié wat mooi is. ✓	(1)
7.7	Sy gryp nie hier 'n moontlike geleentheid aan nie ✓ teenoor haar lewensfilosofie wat sê jy kry net een blomgeleentheid. ✓	(2)

7.8	7.8.1	Sy het fantasiekaracters geskep √ en so kon sy van haar saai bestaan ontvlug. √	(2)
	7.8.2	Iris moes fantaseer sodat sy kon groei tot 'n volwasse vrou √ want die fantasiekaracters het haar die werklikheid duideliker laat sien/laat beseef wat sy in die lewe wil hê. √.	(2)
	7.8.3	Niemand het Iris ernstig opgeneem nie. √	(1)
	7.8.4	Nee, want alles wat aangespreek word, word humoristies gedoen soos die motto aandui. √.	(1)
			[25]

OF

VRAAG 8: *Manaka plek van die horings* – Pieter Pieterse

OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.

- Baas dra onbewustelik Christenskap uit, maar sy verlede en die situasie op Manaka bring konflik ten opsigte van Christenskap by Baas te weeg.

GODSDIENSSITUASIE OP MANAKA

- Baas is op Manaka wat vroeër 'n sendingstasie was, omdat hy in sy oupagrootjie se voetspore wil volg, maar hy wil niks met godsdienst te doen hê nie.
- Baas word voortdurend gekonfronteer met Christenskap, want Ouma Essie woon op Manaka en sy is deel van die gemeenskap./want Grace aanvaar hy is 'n Christen en is uitgesproke daaromtrent./want Johnnie noem Baas 'n "goeie man."
- Omdat hy op Manaka voortdurend met Christenskap gekonfronteer word, spook Christenskap by hom, want hy droom van sy ma wat die kettinkie oor sy kop probeer pas./hy wonder of mens die Ewige Lewe kan hê en dit verloor.
- Griesel wat glo Christenskap lê in 'n gesindheid, bring konflik vir Baas, want hy het geen respek vir die godsman nie en sy uitlewing van geloof verskil van wat Grace en ouma Essie glo.
- Oom Scholtzie se woorde/Grace se opmerking dat oom Scholtzie oor hom huil, begin die konflik in Baas, want hy begin vra oor die wese van Christenskap aan Nanna en Griesel.

BAAS SE VERLEDE

- Baas wil niks met Christenskap te doen hê nie, want hy is verbitterd na die moord op sy ouers.
- Die feit dat Baas Christenskap afsweer, veroorsaak konflik in hom, want hy het in 'n Christenhuis groot geword.
- As agterkleinkind van die sendeling wil hy in sy voetspore volg, maar hy wil net sekere drome van sy oupagrootjie verwesenlik en dit veroorsaak konflik.
- Baas wil nie op Manaka by die gemeenskap betrokke wees nie, want in Suid-Rhodesië dien sy ouers die gemeenskap en is vermoor, maar hy kry dit nie reg nie.
- Baas se skuldgevoel oor sy ouers wat hy nie betyds uit Rhodesië weggeneem het nie veroorsaak dat hy afvallig raak van godsdiens, omdat hy nie sin in die moord kan sien nie.
- Baas onttrek hom van mense omdat hy soveel bagasie van die verlede met hom saamdra, maar dit bring hom in konflik met Mark en die sendelinge.

DIE UITDRA VAN CHRISTENSKAP

- Alhoewel Baas sê hy is nie 'n Christen nie glo die mense van Manaka anders, want sy dade getuig van die teenoorgestelde./hy gee malariapille vir hulle/hy ry sy bakkie stukkend agter Khuta se pale aan/gee vleis weg.
- Christenskap behels die omsien na jou naaste en onbewustelik doen Baas dit, want hy help Grace/Johnnie wat hy met sy gesin verenig.
- Baas dra 'n medemenslikheid en hulpvaardigheid uit, want hy gee sy laaste malariapille vir Grace./hy gee sy laaste geld aan klere uit vir Grace.
- Baas se lewe getuig van eerlikheid en 'n waardesisteem, want Riekert probeer Baas by die smokkel van diamante betrek, maar hy weier.
- Alhoewel Baas baie goeie dade doen, vertel hy niemand daarvan nie (soos dit 'n Christen betaam) omdat hy 'n eenkantmens is.

EVALUERING

- Baas se Christenskapstryd is opgelos, want hy kondig aan dat die vensters en deure van die sendingkerk gekom het. Hiermee suggereer hy dus dat hy die geestelike leiding op Manaka oorneem.
- Baas se Christenskapstryd is opgelos, want by ouma Essie se siekbed bid hy vir die eerste keer in 'n lang tyd.
- Wanneer Baas besef dat hy wel met 'n doel na Manaka gekom het, word die stryd beëindig, want hy bring die twee pole van Christenskap bymekaar: omgee en die wete waarheen jy gaan.

Slot

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Aan die einde van die roman het Baas 'n vaste wete oor Christenskap ten spyte van sy verlede en as gevolg van Manaka se mense.

[25]**OF**

VRAAG 9: Manaka plek van horings – Pieter Pieterse**KONTEKSTUELE VRAAG**

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Paaie is onbegaanbaar dus sal mense en goedere vervoer kan word. √ Afrika sal toegankliker wees. √	2
9.2	Riekert . √ Hy glo die boot is na Grace Tibeledo vernoem. √ Hy is rassisties/Sy rassisme. √	1 1 1
9.3	Dit is 'n droom wat hy wil verwesenlik. √ Dit bring hom in aanraking met mense wat sy hulp nodig het en so sien ons Baas se Christenskap. √	1 1
9.4	Hy sal nie by die gemeenskap betrokke hoef te raak nie. √ Baas se ouers het hul alles vir die gemeenskap gegee en is toe vermoor. √ Nee, omdat hy in elk geval 'n baie eenkantmens is, sou hulle hom nie leer ken het nie. √	1 1 1
9.5	Sy geld het opgeraak. √ Hy het buffels gejag. √	1 1
9.6	Buitestaanderskap √ Deur dialoog./sy woorde √	1 1
9.7	Sy ouers se dood √ en die verlies van die plaas. √ Grace √ Christenskap is om vir ander om te gee EN 'n besliste wete van waarheen jy gaan. √	2 1 1
9.8	Griesel tree nie altyd soos 'n Christen op nie/gee nie om vir sy medemens nie. √ Ten spyte van die feit dat hy glo jy die Christenbeeld moet uitdra, breek hy by Baas se slaaphut in. √	1 1
9.9	Hy het tot selfinsig gekom. √ Dit is geloofwaardig aangesien verskeie mense hom deur die loop van die roman oor sy sogenaamde Christenskap aanspreek./ OF Dit is ongeloofwaardig aangesien 'n karakter soos Griesel moeilik tot inkeer sal kom. √	1 1
9.10	Die honde is noodsaaklik aangesien dit vir ons Baas se karakter beter belig. Die honde wys aan ons Baas as die natuur liefhebber. √ Die honde help om die ontwikkelende verhouding tussen Baas en Grace uit te beeld- sy versorg hulle omdat sy weet hoe belangrik hul vir Baas is. √ Die honde se houding teenoor verskillende karakters, bv. Chisupo en Riekert, weerspieël Baas se houding teenoor hulle. √	3
		[25]
	OF	

VRAAG 10: Vatmaar – AMJ Scholtz**OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.

- Vatmaar is die verhale van alledaagse mense in 'n arm gemeenskap wat handel oor goed en kwaad, geluk en hartseer.

TANT WONNIE

- Tant Wonnie het hartseer in haar lewe geken, want sy verloor ses van haar agt kinders tydens die Groot Griep./haar man sterf tydens die Eerste Wêreldoorlog/Piet de Bruyn probeer tant Wonnie verkrag.
- Tant Wonnie ken die ellende van alles verloor, want toe sy na Sannah Vosloo se dood weggejaag word, is haar huis op Vatmaar gestroop./sy word valslik beskuldig van diefstal en verloor so haar naam.
- Tant Wonnie ken egter ook geluk, want die magistraat bewonder haar trots en sorg dat sy 'n huweliksertifikaat kry wat veroorsaak dat sy op oorlogspensioen geregtig is./Sy kon later terugtrek na haar huis.
- Uit tant Wonnie se verhaal is daar baie lewenslesse te leer: Al beklee jy die laagste posisie in die samelewing, soos sy, kan jy nog steeds trots wees op wie jy is./Piet du Bruyn, Settie September was venynig teenoor tant Wonnie, maar sy het nooit 'n wrok in haar binneste rondgedra nie./Sy het altyd die beste van slegte omstandighede gemaak/Ten spyte van wat mense gesê en gedoen het, het tant Wonnie 'n skoon lewe gelei en onwrikbaar by haar beginsels gebly.

BETTIE

- Bettie het die hartseer van 'n ongehude moeder geken, omdat sy 'n kind by een van oom Steven se seuns gehad het en sy vir hul 'n verleentheid was.
- Bettie het egter die geluk van aanvaarding gesmaak, want oom Chai was bereid om hom oor haar en haar kind te ontferm.
- Bettie se huwelik met oom Chai was egter nie gelukkig nie, omdat die ouderdomsverskil te groot was.
- Bettie ken die kwaad van 'n buite-egtelike verhouding, want sy het oom Chai met Boitjie verneuk.
- Uit Bettie se lewensverhaal leer ons die verwerping wat 'n baba buite die huwelik kan bring./Ons leer ook dat 'n huwelik waar die ouderdomsverskil te groot is, net frustrasie kan meebring.

OOM CHAI

- Oom Chai het die slegte in die lewe gesien, want hy het tydens die Anglo-Boereoorlog gesien hoe Boervroue se huise en besittings vernietig word.
- Oom Chai het egter ook die goeie in sy lewe beleef, want hy het 'n lewenslange besondere vriendskap met George Lewis gehad./Hy het met 'n mooi, jongvrou getrou./Hy het Vatmaar se stigting en groei beleef.
- Oom Chai het egter ook hartseer in sy lewe beleef, want sy huwelik het hom later meer pyn as vreugde besorg./Hy het sy vriend, George Lewies aan die dood afgestaan./Hy het a.g.v. sy troue sy aansien in die gemeenskap verloor.
- Die lewensles van 'n besondere vriendskap te koester is vandag nog steeds aktueel, omdat ons wel sulke vriendskappe nog beleef./Daar is vandag nog jaloesie in 'n verhouding soos oom Chai met Boitjie Afrika beleef het. Hieruit leer ons dat jaloesie net tranes bring en vriendskappe vernietig.

KENNY

- Kenny ken ook hartseer in die lewe, want hy verloor sy werk by die Masonic Temple./a.g.v. status keur sy ouers nie sy verhouding met Kaaitjie goed nie./hy verloor die groot liefde in sy lewe.
- Kenny beleef egter ook vreugde in sy lewe, want hy ontmoet Kaaitjie, die liefde van sy lewe./hy vind 'n tweede liefde.
- Kenny ken die vreugde van goedwees vir ander, want hy kon die vreugde van Vatmaar oor die kliniek beleef./van Boitjie Afrika oor die sokkerspan en -veld beleef.
- Die lewensles wat Kenny se lewe vir ons leer is aktueel omdat ons vandag nog weet dat deur goed te doen aan ander kan ons ook groot vreugde smaak./Ons leer ook uit Kenny se verhaal dat 'n mens na groot hartseer weer vreugde kan beleef.

Slot

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Elkeen van hierdie karakters het 'n menslike lewensverhaal met baie lewenslesse wat vandag nog geld.

[25]**OF**

VRAAG 11: Vatmaar – AMJ Scholtz

KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	Dit is baie meer geloofwaardig/ Sy het die ervarings eerstehands beleef. ✓	(1)
11.2	Al verwag almal dat hy tant Wonnie gaan vra, gaan dit nie gebeur nie, ✓ want hy het haar dogter al gevra om te trou. ✓ Toe sy Norman se lyk sien, was sy gebroke./ Toe sy Norman se lyk sien, het sy beseft sy het hom liefgehad./ Sy het geglo Heinrich sou tevrede wees as sy met Norman trou. ✓	(2) (1)
11.3	As hy die tentpen by Kaaitjie se broers en susters se graf gaan inslaan, ✓ sal sy met hom trou en dan begin sy nuwe lewe. ✓	(2)
11.4	Sy was lief vir Norman. ✓	(1)
11.5	Liefde sonder grense. ✓	(1)
11.6	Toe Piet de Bruin haar probeer verneder het deur haar tronk toe te neem. ✓ Vatmaar se mense het langs die pad gestaan en niks gedoen om haar te help nie./hulle het haar beskinder. ✓ Toe het sy besluit sy wil nie deel wees van hulle God nie ✓ maar sy het beseft om God te dien, gaan oor of Hy binne jou woon. ✓	(1) (1) (2)
11.7	Ja, sy het God gevat as haar Verlosser wat in haar leef./ Ja, God se gees het haar hart/lewe gevat. ✓	(1)
11.8	Ja, dit is soos die Griekwas praat. ✓	(1)
11.9	In Motta Fatima se huis. ✓ Sy het beseft iets is fout/die atmosfeer het haar gewaarsku en toe moet sy self besluit of sy gaan loop of bly. ✓	(1) (1)
11.10	Ja, haar ma en pa is beide vreesloos./ OF Nee, sy wou later nie meer leef nie en het nie terugbakei nie. ✓ Sy het hierna mev. Bosman se diens verlaat en is tronk toe daarvoor wat tot haar dood gely het. ✓	(1) (1)
11.11	Sy werk vir mevrou Bosman. ✓ Sy het Kenneth se briewe vir haar weggesteek/ Sy verneder haar omdat sy dink sy verwag meneer Bosman se kind. ✓	(1) (1)

11.12	Sy twyfel of haar man getrou is/ Of Kaaitjie se ongebore kind haar man s'n is. ✓	(1)
11.13	Mevrou Bosman is rassisties/snobisties/skynheilig/gewetenloos en dit kan nie goedgepraat word nie. ✓	(1)
11.14	In hulle spraak/ hulle dialoog. ✓	(1)
11.15	Die kliniek is na haar vernoem. ✓	(1)
11.16	Spanningsvol ✓	(1)
		[25]
TOTAAL AFDELING B:		25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 12: *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.

- Die twee manlike karakters in *Krismis van Map Jacobs* word lewensgetrou uitgebeeld.

MAP

- Map word uitgebeeld as 'n trotse jongman, want hy was nie tevrede met 'n minderwaardige betrekking nie.
- Map is 'n twyfelaar, want hy twyfel aan sy menswaardigheid en vermoëns nadat hy ten spyte van sy skrandigheid nie 'n ordentlike werk kon kry nie./want hy soek na sy identiteit./want hy het baie tatoeëermerke wat sy soeke beklemtoon aangesien hy ook nie slegs aan een bende behoort het nie.
- Map word as 'n leier uitgebeeld, want hy aanvaar verantwoordelikheid vir wat sy bende gedoen het./want hy is as leier van drie bendes verkies.
- Map word geteken as 'n bekeerde, want hy het sy lewe ten volle oorgegee aan God o.l.v. apostel George./Hy sê hy was "rubbish" maar nou is hy "annerste".
- Map word as 'n ontnugterde man geteken, omdat hy nie kan verstaan dat niemand hom 'n tweede kans wil gee nie – al het hy verander.
- Map se handeling teenoor tant Grootmeisie en Blanchie wys hy is besorgd, omdat hy telkemale vir sy ma vra hoe dit met Blanchie gaan./dit vir hom belangrik is dat sy ma hom moet vergewe – ook vir haar welstand.
- Cyril en Richie beeld Map uit as 'n geharde en ongenaakbare bendeleier, want hulle glo hy gaan weer moer en brutaal raak wanneer hy van Blanchie hoor.
- Map word as 'n aantreklike man uitgebeeld, want mister La Guma vertel watter mooi liggaam Map het.
- Map word as slim en talentvol uitgebeeld, want hy het goed gevaar op skool en hy het die saksofoon in die Kersorkes gespeel en die eerste prys gewen.

CAVERNELIS

- Cavernelis word uitgebeeld as iemand met baie deursettingsvermoë, want hy het twee werke om sy droom te laat realiseer./want hy werk verskriklik hard om sy familie uit die Kaapse Vlakte te kry.
- Cavernelis is snobisties/hogmoedig, want hy glo hy en sy familie hoort nie in die Kaapse Vlakte nie./want hy en sy familie meng nie met die mense van die Kaapse Vlakte nie./hy glo dat Map nie goed genoeg is vir Blanchie nie.
- Cavernelis word geteken as wantrouig en bang, want hy glo die mense van die Kaapse Vlakte sal sy fiets steel. Daarom sluit hy dit./dra hy sy fiets tot binne sy woonstel.
- Cavernelis is goedgeelowig, omdat hy sonder 'n werklike kontrak geglo het Blanchie sal die modelkontrak kry.
- Cavernelis kom baie afsydig voor, want hy deel geen gevoelens/emosie met Maud nie.
- Cavernelis is baie spaarsamig, want hy mors geen druppel water nie; alhoewel ander dit as suinig ervaar./hy dink verbeteringe aan 'n huurhuis is geldmors.
- Cavernelis word as obsessief geteken, omdat hy als in sy vermoë doen om sy familie uit die township te kry.
- Cavernelis leef in sy eie wêreld, want hy stel nie belang om van Maud se probleme te weet of om die waarheid te hoor nie.
- Hy is eintlik maar so 'n bietjie van 'n lamsak, omdat hy hom deur Maud laat rondbeveel.

EVALUERING

- Die karakterisering van Map is geslaagd, want hy tree tipes op soos 'n jongmens wat groot drome en ideale het en nie met die minste tevrede wil wees nie.
- Alle mense gaan deur 'n tydperk waarin hul na hulself soek. Dus is Map se soeke na 'n identiteit baie goed geteken.
- Map se leierskap word goed uitgebeeld wanneer hy verantwoordelikheid vir daardie aand se gebeure aanvaar.
- Die feit dat hy 'n leier van 3 bendes is, is nie noodwendig 'n teken van leierskap nie.
- Map se bekering word lewensgetrou uitgebeeld. Die leser ervaar hierdie worsteling saam met Map.
- In die monoloog waar Map vertel van hoe hy werk soek nadat hy vrygelaat is, kan jy duidelik hoor hy verstaan nie waarom hy so sukkel as Miss Africa hom ook help nie. Hy was bewus van Apostel George se waarskuwing, maar hy het nie gedink dit sal só moeilik gaan nie.
- Uit die manier waarop Map met antie Grootmeisie en Blanchie praat, kan ons duidelik 'n besorgde Map leer ken. Hy reik ook fisies uit na hulle.
- Die ongenaakbare word nie regtig vir die leser uitgebeeld nie. Daar is slegs 'n verwysing daarna.
- Map se fisiese aantreklikheid word nie regtig uitgebeeld nie, behalwe deur mnr. La Guma.
- Cavernelis se deursettingsvermoë en obsessie word baie goed uitgebeeld, want ten spyte van Maud se verwyte dat hy nooit tuis is nie en die spot van Cyril en Richie met sy soft goods gaan Cavernelis eenvoudig voort.
- Sy wantrouigheid en bangheid word duidelik deur sy handeling uitgebeeld, en staan in kontras met die res van die karakters.

- Sy goedgelowigheid word nie sterk geteken nie, want dit is eers wanneer Blanchie nie die kontrak gekry het nie dat die leser agterkom dat Cavernelis blindelings geglo het.
- Cavernelis se snobisme word nie so sterk soos Maud s'n geteken nie, want hy beweeg nog tussen die plaaslike mense en as hy moet, praat hy met hulle. Sy snobisme word wel deur die ander karakters genoem.

Slot

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Karakters probeer dus uit die omstandighede ontsnap, maar hulle bereik nie sukses nie omdat uitkoms min is.

[25]**OF****VRAAG 13: Die *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small****KONTEKSTUELE VRAAG**

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Hulle is almal vasgevang op die Kaapse Vlakte./in hul omstandighede. ✓	(1)
13.2	Apartheid/gedwonge verskuiwings ✓	(1)
13.3	Map was slim en kon 'n lewe buite die Kaapse Vlakte vir hom geskep het./Map is 'n werk aangebied – al was dit nie wat hy wou gehad het nie. ✓	(1)
13.4	Blanchie/Cavernelis ✓	(1)
	Sy doen modelwerk om sodoende oorsee te kan gaan./Hy doen ekstra werk. ✓	(1)
	Dit was nie geslaagd nie, want sy het nie die modelkontrak in Parys gekry nie./Dit was nie geslaagd nie, want hy het selfmoord gepleeg. ✓	(1)
13.5	Respek ✓	(1)
	Hy het nie respek vir vroue/haar gehad toe hy toestemming vir die verkragting gegee het nie. ✓	(1)
13.6	13.6.1 Onvergewensgesindheid/onverdraagsaamheid/bevooroordeeldheid ✓	(1)
	13.6.2 Herhaling van die woorde <i>hulle vat jou nie so nie</i> / Die uitroeptekens/ Die aksenttekens ✓✓ <i>Kandidaat kan enige TWEE noem.</i>	(2)
	13.6.3 Hy kry nie werk nie ✓ en die Kersorkes gee nie sy plek aan hom terug nie. ✓ Dit is nie geregverdig nie, want Jesus gee hom nog 'n kans/hy is bekeer daarom behoort hul hom 'n kans te gee. ✓	(2) (1)

13.7	Hy wou êrens behoort het .√		(1)
	<i>jou history en jou geography</i> √		(1)
13.8	Dit was terwyl hy die goeie Johnnie was/die regte pad geloop het.		(1)
13.9	13.9.1	Die motoriese moment is juis die vraag wat Map gaan doen na sy vrylating √ en Map doen niks/hy is doodstil/hy tree nie op soos hulle verwag het nie, nl. om te moor nie. √	(2)
	13.9.2	Nee, hy het verantwoordelikheid vir sy dade geneem./hy het homself gaan oorgee aan die polisie al het hy geweet wat wag in die tronk. √	(1)
	13.9.3	Map se vrylating/parool √ is sy Krismis/Kersgeskenk. √ Hy kan nie 'n banggat wees as hy bereid is om net weer in die Kaapse Vlakte vasgevang te word nie. √√	(2) (2)
13.10	Een van ongeloof/berou. √		(1)
			[25]

OF

VRAAG 14: Mis – Reza de Wet**OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf

Die kandidaat bied 'n inleidingsparagraaf aan, bv.

- Die twee manlike karakters in Mis word lewensgetrou uitgebeeld.

KONSTABEL

- Die konstabel word uitgebeeld as die manipulerende man, omdat hy net die inligting oor homself bekendmaak wat hy kan gebruik om mense mee te manipuleer./want in sy vertelling van tant Hannie aan Gertie weet hy dat sy seksueel gefrustreerd is en bevry haar in 'n mate van hierdie frustrasie./want hy manipuleer die drie met sy demonstrasies van 'n verskerpte reuksintuig deur elkeen se ouderdom en seksuele status korrek te skat./Later, as die nar teenoor Meisie, speel hy sy nuwe rol ten volle en manipuleer hy haar binne die situasie sonder om veel informasie oor homself te verstrek.
- Konstabel word as besonder gevoelig/sensitief vir menslike swakhede en verskuilde konflikte in die karakters uitgebeeld, want hy weet dadelik dat Gertie, en in 'n mate Miem, seksueel gefrustreerd is/dat Meisie na vryheid smag.
- Hy word as toweragtig of magies uitgebeeld, hy is geheimsinnig want hy sê niks oor sy herkoms nie./hy is 'n konstabel, maar is blind./want hy sien skielik na 24:00.
- Hy word uitgebeeld as 'n beskermer omdat hy 'n polisie-uniform dra en is, vreemd genoeg vir 'n konstabel, blind./omdat hy veiligheid en orde in die gemeenskap, asook goeie waardes verteenwoordig. Hulle noem hom "Snuf-in-die-neus".
- Aan die einde van die drama word hy as 'n hofnar uitgebeeld, omdat hy kaal bolyf met die polisie-uniform se baadjie onderstebo is en hy word siende.
- Hy word uitgebeeld as twee helftes van een, omdat hy nie 'n ander baadjie uithaal nie – dieselfde baadjie word net omgedop. Dit skep die illusie van twee in een en weerspieël die transformasie.
- Geklee in die narrebaadjie, word hy uitgebeeld as die flambojante bevryder wat Meisie uit die mis laat ontluik as blom, omdat hy haar as't ware "toor" uit haar beknelling uit en haar tot wasdom laat ontvou.
- Konstabel is iemand wat wel ter tale is, omdat hy Gertie en Meisie met woorde oorrompel.

PA

- Die naam Gabriël beeld iemand uit wat die draer van goeie tyding is, maar Pa bring egter geen tyding nie, net lyding vir Miem wat nou alleen moet sien en kom klaar.
- Gabriël is 'n beskermengel, maar Pa kan nie sy gesin teen die indringer beskerm nie, want hy is bo-op die solder.
- Pa word as 'n papperd/lafaard uitgebeeld, omdat hy op die solder gaan wegkruip die oomblik toe daar teenspoed kom.
- Pa word as 'n verwoester van drome uitgebeeld, omdat Miem 'n onwrikbare geloof in hom het en glo hy sal afkom as Meisie trou.
- Pa word as 'n selfsugtige karakter geskets wat geensins aan sy gesin dink nie – iets wat vir die man van daardie jare nogal baie belangrik was – omdat hy hom eenvoudig onttrek en dan verwag hul moet hom versorg.
- Pa word ook as onkonsidererend teenoor vrouens geteken, omdat hul die slopemmer moet leegmaak en hy wag daarmee vir twee dae.
- Pa word uitgebeeld as die “goddelike” figuur wat “bo” is, maar nooit gesien word nie, want Miem aanvaar dit asof dit 'n goddelike opdrag is. Pa bly op die solder en daarna word hy inderdaad nooit weer gesien nie.

EVALUERING

- As manipuleerder word Konstabel uiters suksesvol geteken, want geeneen van die vroue stribbel enigsins teë nie, intendeel, die dames eet uit sy hand.
- Sy sensitiwiteit vir menslike swakhede word oortuigend uitgebeeld, want hy weet dadelik waarna elk smag en die onderliggende spanning tussen Gertie en Meisie.
- Sy magiese kwaliteite/rol as hofnar kom eers teen die einde van die drama na vore, maar is baie geloofwaardig, omdat die gehoor deel gemaak word van hierdie transformasie.
- Sy rol as beskermer word nie baie oortuigend geteken nie, omdat hy blind is en die leser/gehoor vermoed hy het iets met die ander verdwynings te make.
- As bevryder word konstabel baie geloofwaardig geteken, veral omdat hy Meisie geheel en al bevry.
- Sy wel ter taligheid is geloofwaardig, want hy gaan baie gemaklik om met die dames en hul hang letterlik aan sy lippe wanneer hy sy stories vertel.
- Pa as hierdie papperd en selfsugtige wese word baie goed geteken, omdat hy die dames in sy lewe net so los en toelaat om aan te sukkel. Sy gekerm vanaf die solder en die slopemmer versterk net hierdie beeld verder.

Slot

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Die twee manlike karakters word baie duidelik en oortuigend geteken.

[25]**OF**

VRAAG 15: *Mis* – Reza de Wet

KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Miem beskou die gevaar as 'n bedreiging/onheil vir die hele gemeenskap. ✓ Die aand waarop meisies die vorige 2 jaar verdwyn het. ✓	(2)
15.2	Sy kon nie juis vir Meisie beskerm toe Konstabel haar weggevoer het nie. ✓	(1)
15.3	Die verwysing na die huilwind/ retoriese vrae/ kort sinne ✓✓ <i>Die kandidaat noem enige TWEE maniere.</i>	(2)
15.4	15.4.1 Die name van die verdwene meisies word gegee. ✓ Die feit dat hulle verdwyn het uit frustrasie en ontevredenheid ✓ En dat niks ernstig gebeur het nie, dit dus 'n bohaai oor niks is. ✓	(3)
	15.4.2 Hierdie inligting maak die karakters se vrese/die einde van die drama soveel meer geloofwaardig. ✓	(1)
15.5	15.5.1 Miem betig Meisie streng omdat sy uitvra oor die sirkus. ✓ Miem beskou die sirkus as boos./Meisie begeer om daarheen te gaan. ✓	(2)
	15.5.2 Meisie se begeerte om die eksotiese sirkus te ervaar en die feit dat Miem haar verbied om selfs daarna te kyk, lei uiteindelik daartoe dat Meisie toelaat dat konstabel haar uit haar neerdrukkende omstandighede bevry ✓ en ondersteun dus die tema van bevryding. ✓	(2)
15.6	Dit bevestig haar afkeuring. ✓ Sy probeer die sirkus afmaak as 'n plek van euwel, waar rondlopers en kwaaddoeners vergader, maar dit dryf net meer mense soontoe. ✓	(2)
15.7	Sy het na die sirkus gaan kyk ✓ en het hulle nie as fratse beskou nie. ✓ Sy voel ongemaklik/bang om haar belangstelling in die sirkus met Miem te deel. ✓ Sy haal haar nie Miem se gramskap op die hals nie./Miem se denke van haar bly hoog. ✓	(4)
15.8	Sy raak maklik geïntimideer./Sy kan nie maklik jok nie. ✓	(1)
15.9	Huilwind word hoorbaar. ✓ Wind dra by tot die skep van 'n onheilspellende atmosfeer ✓	(2)
15.10	Dit is die eksposisie. ✓ Dit plaas die leser in die drama/maak hom deel daarvan, ✓ omdat jy kennis met die karakters, hul verhoudinge en die tyd en ruimte van die drama maak. ✓	(3)
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE] Kriteria

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 7 PUNTE	6–7 - Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en gedig.	5 - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie. - Begrip van genre en gedig duidelik.	4 - Redelike interpretasie van die onderwerp. - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. - Basiese begrip van genre en gedig.	3 - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp. - Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie. - Onvoldoende begrip van genre en gedig.	0–2 - Geen begrip van die onderwerp nie - Geen verwysing na die gedig nie - Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie
STRUKTUUR EN TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 3 PUNTE	3 - Samehangende struktuur. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. - Grammatika, spelling en puntuasie feitlik foutvry.	2 - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument. - Vloei van argument kan gevolg word. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek.	1 - Enkele bewyse van struktuur. - 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel. - Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas.	1 - Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend - Toon en styl nie geskik nie.	0 - Struktuur swak - Ernstige taalfoute - Foutiewe styl
VERSPREIDING VAN PUNTE	9–10	7	5	4	0–2

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	12–15 - Uitsonderlike respons: 14–15 - Uitstekende respons: 12–13 - Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en teks.	9–11 - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie. - Begrip van genre en teks duidelik.	6–8 - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie. - -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - -Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. - -Basiese begrip van genre en teks.	4–5 - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie. - Min punte wat die onderwerp ondersteun. - Baie min relevante argumente. - Weinig begrip van genre en teks.	0–3 -Geen begrip van die onderwerp nie -Swak poging om die vraag te beantwoord -Argumente oortuig nie -Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR EN TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	8–10 - Samehangende struktuur. - -Uitstekende inleiding en slot. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek.	6–7 - Duidelike struktuur. - Logiese vloei van argument. - Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek.	4–5 - Enkele bewyse van struktuur. - Logika en samehang is duidelik, maar met foute. - Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas. - Paragrafering meestal korrek.	2–3 - Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend - Toon en styl nie geskik nie. - Paragrafering foutief.	0–1 -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente -Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk -Styl en toon nie geskik nie -Paragrafering foutief
VERSPREIDING VAN PUNTE	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4